

**FOTO-PROJEK**—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is [muriel@muriel.co.za](mailto:muriel@muriel.co.za). Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

**Belofte en eis van die doop – B Holwerda (2) vervolg van verlede week)**

So asof God se verbond eers werklikheid word as ons dit aanvaar. Ons moet teen albei gevare waak. God gee geen enkele belofte sonder die eis van geloof en bekering nie. Hy stel ook geen enkele eis nie, behalwe op grond van die belofte. Die belofte word uit loutere genade aan ons geskenk. Ja, selfs al glo ek nog nie eers nie, al het ek nog geen goeie werke gedoen nie. God is in die verbond altyd eerste. En as Hy sy verbond oprig, dan bestaan dit, al glo ek dan nog nie, al het ek my nog nie bekeer nie. God beskik dit so dat die verbond daar is. En daarom word die belofte onvoorwaardelik aan my geskenk. God stel nie vooraf eise waaraan ek eers moet voldoen voordat Hy sy belofte gee nie.

Maar tog is die belofte ook nooit sonder die eis nie. Dit is vir ons bekend uit die doopsformulier dat die doop ons vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. En dit staan ook in Sondag 26. God belooft wel dat ons deur die Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig sal word, maar alleen op dié manier, dat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe. God skenk dus wel die belofte van vergewing en vernuwing, maar altyd só dat ons verantwoordelikheid gehandhaaf word. Hy belooft die saligheid alleen aan die wat glo. 'n Mens kan dus sê: die belofte word onvoorwaardelik gegee. Maar die vervulling, die uiteindelijke vervulling van die belofte kom slegs tot stand langs die weg van geloof en bekering, en nooit anders nie. Want 'n belofte is altyd 'n verpligtende iets, dit is nooit iets wat ek maar kan ignoreer nie. Wil 'n mens dus die heilsbelofte onvoorwaardelik noem, dit is om 'tewe. As 'n mens maar nooit vergeet dat 'n onvoorwaardelike belofte terselfdertyd 'n onvoorwaardelike verpligting is: God lê eenvoudig beslag op alle gedooptes en Hy eis hulle harte en siele en al hulle kragte op. *Word vervolg*

Vandag – Marie du Plessis 0829557365	11/12—André Koen 0824534717
Vandag – Cobus Roets 0825860824	11/12– Marietjie Minnaar 0725861590
Vandag – Marise de Ridder 0827460418	11/12– Flip Minnaar 0823426178
11/12– Inus Dryer 0123275514	11/12– Letitia Steenekamp 0727481060
11/12– Willem Kilian 0828086397	15/12– Koos Venter 0825075926
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Daar is meer gevaar by die lek as by die oorloop – CJ Langenhoven


# Die Krugertjie

**Gereformeerde kerk Pretoria(d)**

[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp  
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)  
E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za) Faks: 0123265287  
Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154  
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar  
012- 3233194  
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745  
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106  
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108  
Orrelis: Sr. Hanneltjie Bezuidenhout : 0837415173

08 Desember 2013



**EERSTE EREDIENS**—(9h00)

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 1:10—2:5

**Teks:** 1 Korintiërs 1:21-24

**Sing:** Ps. 61:1,6; Ps. 60:1; Ps. 72:6;  
Ps. 68:13

**DIE DWAASHEID VAN DIE PREDIKING**

*Christus en Hom as die gekruisigde.*  
Wie Hom mis, is werklik besig om van wat die kerk moet wees 'n gemors te maak.

Dit doen mense goed om van die kerk 'n eie speelbal te maak. Domein van my denke en my krag en my oortuiging, want ek wat die spiere bou wil dit graag kerklik bult. Wie sy eie spiere kerklik wil bult is met dwaasheid besig, is met iets baie gevaarlik besig...

**KATKISASIE**– Katkisasie het afgesluit

**TWEEDE EREDIENS**—

**Skriflesing:** Levitikus 24:10-16;  
Psalm 96

**Kategismus:** Sondag 36

**Teks:** Psalm 96:8

**Sing:** Ps.89:1,10; Ps. 74:12,13;  
Ps. 86:5,6

**GEE AAN DIE HERE DIE EER VAN SY NAAM**

Ons kom by die derde gebod en ons staan voor 'n Naam wat bo-al wat naam is, geskrywe. Die Naam van God Self.

Ons dink aan Moses. Hy wat ook voor die Naam van God moes staan. Hy staan by die brandende bos, daar waar hy die openbaring van God se Naam ontvang. Nie net is God se Naam heilig nie, maar selfs as God se Naam gehoor word, dan is die grond waarop ons staan heilige grond.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/TettoI>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

**Predikant:**

Ds. Petrus Venter  
0012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

**Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)**

**Vandag-Wyke 21 en 22**  
Ouderlinge: Willie du Plooy (sr.) en Koos Venter  
Diakens: Eugene Koole en Michiel Venter

**Volgende Sondag (15/12) – Wyke 23 en 24**

Ouderlinge: Johan de Jonge  
Diakens: Johan du Plooy

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

**Ds. Andries Mulder** word herstel toegebied na sy groot terugslae in sy gesondheid. Ons dink aan hom, sr Henta en kinders en families in hierdie sware tyd dat die Here naby hulle mag wees. **Sr Ann van der Merwe** is met kanker gediagnoseer. Sy is ook weer by die huis. Ons dink aan haar en haar kinders en geliefdes in die tyd wat wat voorlê. Mag die Here hulle naby wees. **Br Kallie Tromp** word steeds in ons gebede aan die genadetroon van die Here opgedra. Al was daar mate van verbetering is die kans op volle herstel op die stadium onwaarskynlik. Hy s die meeste tye nog in Wes-koppies. **Br Phil van der Merwe** se gesondheid het ietwat verbeter. **Sr Nakkie** spreek haar dankbaarheid uit teenoor almal wat in die swaar tyd soveel meelewing betoon. Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. Gelukwense aan **br en sr Jaco en Mariana van Jaarsveld** met die geboorte van hulle verbondskindjie. Ook die grootouers en agter-grootouers word by die gelukwense ingesluit. Gelukwense aan sr **Chantelle Netto** en haar eggenoot vir wie daar 'n seuntjie gebore is. Vir br en sr Willie en Heila J van Rensburg wens ons geluk met die geboorte van hulle eerste kleinkind.

**KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE**  
Sr Annatjie Badenhorst het laat weet dat die koekies vir ons lidmate ouer as 70 jaar is gereed. Baie is reeds uitgedeel. As u nog u pakkie moet afhaal dit word in die kombuis uitgegee. Sy het namens haar span almal wil bedank wat 'n bydrae gelewer het hetsy deur 'n skenking of gehelp het met die bak van die koekies. Dit word opreg waardeer.

**KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE**

Sr Annatjie Badenhorst het laat weet dat die koekies vir ons lidmate ouer as 70 jaar is gereed. Baie is reeds uitgedeel. As u nog u pakkie moet afhaal dit word in die kombuis uitgegee. Sy het namens haar span almal wil bedank wat 'n bydrae gelewer het hetsy deur 'n skenking of gehelp het met die bak van die koekies. Dit word opreg waardeer.

Ek dink sr Janet Rieker se briefie wat almal se dankbaarheid saam – Sy het geskrywe: *“Baie dankie aan almal wat betrokke was met die bak van die heerlike koekies wat so keurig verpak was. Groot dankie aan julle dit word opreg waardeer...”*

**KONINGSKINDERS-ETE**

Ons gemeente is versoek om weer vir die jaarlikse koningskinders-kamp 'n ete te voorsien. Hulle het ons op die lys geplaas vir n middag-ete op Donderdag 12 Des 2013. Almal wat hiermee kan help word gevra om met sr Christine te kontak (0845119620) Dan sal hulle die spyskaart en reëlings kan finaliseer.

**KOLLEKTE**

<b>Vandag: 1ste diens</b>	DVB	Teologiese Studentekas
<b>2de diens</b>	DVB	Intand-houding
<b>15/12/2013 1ste diens</b>	DVB	Intand-houding
<b>2de diens</b>	DVB	Intand-houding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
<b>16/12</b>	Gelofte dag Erediens 9h00
<b>25/12</b>	Kersdag Erediens 9h00
<b>15/01</b>	Skole begin

**SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS**

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderkuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kinderkuis gevind. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae. Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

**ZAMBIË – VOERTUIG**

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die die kerkverband aangegroei tot amper R180 000-00. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. <http://bit.ly/105wmGY> As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig. Ons hoop om finaliteit oor die voertuig in die volgende 2 weke te verkry.

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*

**MATTHEÛS 9**

Jesus stel dit as 'n feit. Die versekering van die vergiffenis dien tot opheffing van die gees, en dit werk mee met die herstel van sy liggaam. Dieselfde volgorde kom in Ps 103:3 voor: “wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees.”

**9:3-4, by hulleself** – Sommiges sien hierdie woorde as aanduiding dat daar onder die Fariseërs en andere verdeeldheid bestaan het oor die saak, daarom dink die mense maar by hulleself. Dit maak die wonder daarvan ook groter, as v 4 stel dat Jesus selfs hulle **gedagtes** ken.

Lukas 5:21 wys dat hulle al sy woorde as lasterlik beskou het. Hulle glo dat die Ou Testament nêrens gesê het dat die Messias (die Christus) sondes sal kan vergewe nie. Vir ons is dit egter duidelik dat die Messias se werk God se werk sal wees, want Sy Goddelikheid in Naam, woorde, eer en dade staan duidelik in die profesieë. God die Seun is ook God! Daarom kan Jesus hulle gedagtes as sleg bestempel. Dit is nie Hy nie, maar hulle wat laster. Hulle misbruik Sy weldaad as 'n geleentheid om Hom te beskuldig.

Die meeste verharde Jode sou deur al die eeue maar nie beseft dat die Messias sou kom om mense van hulle sondes te bevry nie. Hulle het 'n aardse verlossing gesoek – iemand wat hulle op aardse wyse verhoog.

**9:5-6, wat is makliker** – Jesus noem twee moontlikhede van wat Hy kon sê: **vergewe**, of **staan op**. Die eerste lê op die geestelike vlak, die tweede die liggaamlike. Die lasteraars sal nie in die geestelike glo, as hulle nie eers die liggaamlike resultaat gesien het nie.

Die hulle kan weet dat Hy die mag het om sondes te vergewe, toon Hy dan deur die man se genesing Sy gesag ook in die geestelike. Hy toon Sy gesag op geestelike gebied deur Sy gesag in die fisiese wêreld.

**Seun van die mens** – Christus wys met die gebruik van hierdie benaming uit Dan 7 dat Hy die mag en gesag het. Dit is aan die Messias

gegee om selfs sondes te vergewe. Hy is die enigste Weg waardeur die volk hulle bestemming kan bereik, waarvoor God vir Israel verkies het.

**9:7** – Die man se opstaan, verlaat van die skare mense en huis toe gaan bewys dan sy liggaamlike genesing, sowel as sy geestelike gehoorsaamheid.

**9:8, verwonderd, ens.** – Die mense vrees eintlik, maar hulle verwondering is nie blydskap oor die geestelike, die vergiffenis nie. Al wat hulle hieraan het, is die liggaamlike genesing wat plaasgevind het. Hulle sien Jesus steeds nog as maar 'n blote mens, wat wonders kan doen.

**Die roeping van Mattheüs**

**9:9, Mattheüs by die tolhuis** – *In sy vertelling oor sy reis na Israel, wys Totius aan dat hierdie tolhuis naby Kapernaüm was, waarskynlik naby die hawe en die strand waar Jesus die skare uit die bootjie toegespreek het. Die kantoer by die hawe is dus ook vir doeane.*

**Mattheüs** gebruik van homself hierdie naam, maar Markus en Lukas gebruik sy “ou” naam, Levi. Markus voeg nog by: “die seun van Alpheüs.” Volgens sommiges het die Apostel hierdie naam dalk verkies omdat dit beteken “gawe van Jahveh” (eerder as Levi: “hy wat aan die ou weë kleef”).

**By die tolhuis** – Dit word genoem, om ons God se uitverkiesende genade te leer ken. Die Fariseërs het Jesus juis verag omdat Hy tollenaars en sondaars opgesoek het – in hulle hoogmoed was daar geen redding vir sulkes nie. Die haat en veragting van tollenaars was omdat hulle vir die heidense owerheid gewerk het, en in hulle insamel van tol hulle self op onregverdige wyse verryk het uit hulle volks-genote. Afpersing was 'n algemene gebruik onder die tollenaars.

**9:10, in die huis** – Volgens Lukas het Mattheüs 'n groot fees by sy huis aangerig, wat ook deur ander tollenaars bygewoon is. Mens kan aanvaar dat moonlik van die ander ook tot geloof in Christus bekeer is.

*Word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

3 Des 1967– Dr. Chris Barnard doen eerste hartoorplanting in die geskiedenis; 5 Des 1894– Pres CR (Blackie) Swart gebore; 6 Des 1838– Gelofte die eerste keer afgelê; 7 Des 1799– Geboorte van Hans (Dons) de Lange; 8 Des 1914– Genl. Beyers verdrink in die Vaalrivier; 8 Des 1872– Stigting van die Gerf kerk Steynsburg; 9 Des 1881– Dood van pres TF Burgers; 11 Des 1899– Slag van Magersfontein; 13 Des 1915– Adv (Pres) BJ Vorster gebore; 13 Des 1920– Ds. Willem Postma (dr. O Kulis) oorlede; 16 Des 1838– Slag van Bloedrivier; 16 Des 1852– Genl. AH Potgieter oorlede; 19 Des 1792– Genl. AH Potgieter gebore; 20 Des 1914– Jopie Fourie doodgeskiet; 25 Des– Kersfees; 25 Des 1497– Vasco de Gama ontdek Natal; 28 Des 1890– Dirk Postma oorlede; 30 Des 1891– NG Kerk Drakenstein in die Paarl gestig; 31 Des 1687– Aantal Hugenote seil uit Delft na die Kaap